Hallo almal!

Wie kan nou glo dat dit volgende maand Kersfees is? Ek vertrou dat as die tyd hier in Zambië so vinnig verby gaan, is dit nog erger in die beskawing!

Saterdag was wees-voedingdag en het ons ook ons eerste reën gehad. Donker wolke het begin saampak en Mary, die pastoor se vrou, en Mike, die onderwyser, moes bont staan om die kos vir die 160 wesies gereed te kry voor die reën begin uitsak. Wel, dit was toe 'n hewige storm! Daar het 25mm (een duim, in ou die taal) reën geval binne 'n halfuur en 2 groot bome is soos vuurhoutjies geknak. So ook het baie van die klein wonings se dakke daaronder gely.

Gelukkig was die kinders almal veilig, want hulle het 'n spesiale fliek gekyk – Dr Doolittle. Hulle was vasgenael en het nie die omvang van die storm besef nie.

Slegte nuus is dat die transformator WEER ontplof het en dus is ons weereens sonder krag en daarom ook sonder water. Elke keer besef ons net weer hoe afhanklik ons van elektrisiteit is!

Projekte

Al die landerye is bewerk en gereed vir saai. Hierdie bui reën is al waarvoor ons gewag het. Maandag sal die mielies gesaai word volgens Farming God's Way. Wanneer die reënseisoen hier in Zambië begin, reën dit sonder ophou tot middel/einde Februarie.

Die doopbad is voltooi en al die mense wat gedoop wil word sal van eerskomende Sondag gekatkiseer word. Ons sal dan 'n doopnaweek hê aan die einde van die maand. Die doopplegtigheid sal die Saterdag plaasvind en die mense sal dan hier oornag en die Sondag deelneem aan die heilige Nagmaal. Dit sal seker ook 'n eerste in die geskiedenis wees!

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 37 – 10 November 2009

Some of the trees snapped off by the storm

Mike and Mary preparing food

Hi everybody!

Can you believe that next month is Christmas again? I am sure that if time flies by so quickly here in Zambia, that it is much worse there in civilization!

On Saturday, while we were busy feeding the orphans, we had our first rains for the season, and what a downpour it turned out to be! While everyone was rushing around to get everything ready, we noticed some dark clouds gathering and it caused some excitement because we were really looking forward to the first rains. Well, it turned out to be a much heavier thunderstorm than we anticipated. We had 25mm (approximately one inch) of rain in just half an hour and the gale force winds managed to snap two big trees like match sticks. Many of the smaller dwellings lost some of their tin roofing.

Fortunately the children were watching a movie, Dr Doolittle, in the big hall and they were totally unaware of the magnitude of the storm outside.

Unfortunately, the transformer exploded which has left us without electricity and running water once again. That just serves as a reminder of how utterly dependant we are on electricity for day to day living!

Projects

All the maize fields have been prepared and are ready to be planted (Farming God's Way) this coming Monday. Once the rainy season starts here in Zambia, it continues until the middle or end of February.

The baptismal bath has been completed and we are now running a baptismal course for all the new converts to Jesus. We will be having a baptism weekend at the end of the month. The baptism will take place on the Saturday and then we shall have Holy Communion on the Sunday. It is going to be this congregation's first Communion.

Die babavoeding is nou weer onder beheer. Nadat hier op een dag meer as 40 babas opgedaag het, was ek genoodsaak om 'n aansoek-/evalueringsvorm te laat invul van die babas se oppassers en die HIV-positiewe ma's. Die getal is nou weer net so onder die 20. Slegte nuus is dat ons ons jongste babatjie verloor het – klein Margie. Haar ma is by geboorte oorlede aan AIDS en die ouma moes te ver stap om melk te kom kry.

Onthou dat ek vertel het dat in hierdie kultuur 'n baba nie as 'n mens beskou word voor dat die baba tande kry nie, so dan is 'n plegtige begrafnis ook nie nodig nie.

Gebedsversoeke

- Bid asseblief saam dat die elektrisiteit gou herstel sal word;
- Sê asseblief saam dankie vir die reën – dit bring wonderlike verligting na 9 maande van droogte;
- Bid saam vir die dopelinge wat hul harte vir Jesus gegee het.

Lesa amoleleke (God seën u)!

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

Workers planting maize

Building work continues on site

The HIV baby feeding programme seems to be back on track. After 40 babies were brought to the programme one day, we realised that some of the babies did not actually belong on the programme. There are now 20 babies on the programme. We are sad to say that the youngest of these babies, Margie, has recently passed away. Her mother died shortly after giving birth as a result of HIV AIDS and the grandmother had to walk too far to get help.

In this culture, as mentioned in a previous newsletter, a baby is not considered to be a human being before the baby gets any teeth so a proper burial is then not performed.

Prayer requests

- Please pray for the electricity supply (and running water) to be repaired soon!
- Thank God for the much needed rain after 9 months of drought.
- Please pray for the new converts to Jesus.

Lesa amoleleke (God bless you!)

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children